

## Sing vooraf staande: Psalm 34:1, 6 (p. 166)

- 1 In weelde en ongeluk, / altyd sal ek die Here prys;  
altyd vir Hom my lof laat rys, / in voorspoed en in druk.  
Hom sal 'k die ere skenk, / tot roemtaal kragtig aangespoor.  
Sagmoediges, hul sal dit hoor / en aantree op my wenk.
- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die Heer se vrees wil ek jul leer.  
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?  
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;  
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Psalm 18:1, 3 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.  
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,  
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,  
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 3 Deur donker magte, troep aan troep, / omsingel, het ek uitgeroep;  
ek het in doodsangs uitbreek / en God, my God, om hulp gesmeek.  
Hy het geluister, my verhoor: / my stem het luid omhooggerys,  
het deurgedring in sy paleis, / en opgeklim tot in sy oor.

Gebed

## Psalm 19:7 (p. 84)

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

**Skriflesing:** Jakobus 3:1-12; Heidelbergse Kategismus, Sondag 43:112

**Kernvers:** Jakobus 3:2

**Ons almal struikel in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou.**  
(Jakobus 3:2 AFR1983)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 112: Wat eis die negende gebod?

*Antwoord: Ek mag teen niemand valse getuienis aflê (a), niemand se woorde verdraai (b), nie 'n kwaadstoker of 'n lasteraar wees nie (c), niemand onverhoord en ligtelik help veroordeel nie (d). Alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel (e) se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie (f). In regsake en in alle ander handelingte moet ek die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely (g). My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder (h).*

(a) Spr 19:5, 9; 21:28. (b) Ps 15:3; 50:19, 20. (c) Rom 1:30. (d) Matt 7:1; Luk 6:37. (e) Joh 8:44.  
(f) Spr 12:22; 13:5. (g) 1 Kor 13:6; Ef 4:25. (h) 1 Pet 4:8.

## Tema: Uit dankbaarheid het ons die waarheid lief

Daar was 'n tyd, baie baie lank gelede, toe daar nie so iets soos leuens of bedrieglike taal op die aarde bestaan het nie. Toe het geen mens nodig gehad om hom- of haarself uit die moeilikheid uit te lieg nie. Niemand het sy naaste se naam enige skade berokken deur skinderstories nie. Geen mens het nodig gehad om te vrees dat daar allerhande slegte gerugte oor hom of haar versprei sou word nie. Die mense het met mekaar net die waarheid gepraat en in alle opregtheid teenoor mekaar opgetree. Niemand het hom of haar anders voorgedoen as wat hy of sy is nie.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hierdie woorde klink asof dit uit 'n sprokiesverhaal kom. Maar dit is geen sprokie wat aan ons vertel word nie. Daar was werklik so 'n tyd in die aarde en die mense se bestaan. Nadat God alles geskep het, so lees ons in Genesis 1, het Hy na alles gekyk wat Hy geskep het – **en dit was baie goed**. In hierdie laaste woorde – **dit was baie goed** – hoor en sien ons hoe die skepping heel aan die begin gelyk het. Waarheid en waaragtigheid het in die skepping geheers. Alles, selfs die mense, het bestaan, geleef en gepraat in volle ooreenstemming met God se wil. En God is self 'n betroubare God. Hy is die God van waarheid en die Bron van alle waarheid. By Hom bestaan daar nie so iets soos die leuen nie.

Vir ons wat vandag leef, tussen die sondeval en die laaste dag waarop Christus die lewendes en die dooies gaan oordeel, is dit moeilik om te dink dat daar werklik 'n tyd was waarin geen leuens voorgekom het nie. Want al wat ons vandag ken en mee te doen kry, is leuens en bedrog. Nêrens waar ons kom, of wat ons lees en kyk en luister, is heeltamal vry van die leuen nie. En die skokkende is dat dit nie net ander mense buite ons kringetjie gelowiges is wat vir ons lieg en bedrieg nie. Ons wat gelowiges is, lieg en bedrieg ook ander mense. Ons gaan selfs so ver as om mekaar te belieg, om mekaar se goeie naam in die modder te vertrap en sleg te maak.

Klink dit onwerklik of onmoontlik, geliefdes? Dit is nie onwerklik of onmoontlik nie. Hier hoor ons dan vir Jakobus, die broer van Jesus, die dominee in die kerk in Jerusalem self sê: **Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou**. Hy sê dit nie sommer maar net nie. Hy sluit homself in wanneer hy sê dat ons almal in baie opsigte struikel. Ook die tong van 'n gelowige is 'n vlymskerp dolk waarmee hy sy broer of suster verbrysel en vermink.

Broers, susters en kinders, wanneer ons dit hoor en besef dat dit regtig so is, krimp ons hart ineen. 'n Mens wil sommer op 'n hopie gaan sit en huil, want hoekom is dit so dat ons so vol leuens is. Waar kom dit vandaan? Dit het alles begin toe Satan met die leuen 'n stryd aangeknoop het teen die waarheid.

Deur die Here ons God se woorde te verdraai en 'n blantante leuen aan Eva te vertel het die duiwel die ryk van die leuen op die aarde gestig. Daarom beskryf Christus hom ook soos volg:

**Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie. Wanneer hy leuentaalk praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen** (Johannes 8:44 AFR1983).

Toe Satan vir Eva gesê het: Julle sal nie sterf nie, maar julle sal soos God word, het die ryk van leuens en bedrog sy voet in die deur gekry in die skepping van God wat baie goed was. Die mens is daar in die paradys oorrompel deur die duiwel se slinksheid omdat hulle nie gehoorsaam wou bly aan die God van die waarheid nie. En van toe af het die stroom van leuens die hele aardbol oorspoel. Hierdie stroom sal voortwoed tot aan die einde toe. Dit gaan nie beter word soos die tyd aanstap nie.

In die profetiese rede waarsku Christus ons. Satan sal nog 'n keer die geleentheid kry om sy mag te ontplooi. Aan die einde sal daar baie valse christusse en valse profete optree en hulle sal met groot sukses optree. Satan sal hierdie sukses met die leuen behaal alleenlik omdat God in dié tyd vrye

teuels aan die leuen sal gee. Omdat die mens steeds weier om die waarheid te aanvaar – en veral die waarheid van God en die verlossing in Christus – sal God aan die einde die walle wat die leuen teëhou, stukkend stamp. God sal die mens aan sy leuens en bedrog oorgee tot sy eie ondergang.

29.90

In sy tweede brief aan die kerk in Tessalonika skryf Paulus juis hoe dit sal gaan wanneer die walle wat die leuen teëhou flenters geslaan is:

**... omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie. Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee sodat hulle die leuen sal glo. En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtheid verkies het, veroordeel word.** (2 Tessalonisense 2:10-12AFR1983).

Geliefdes, sien ons hierdie tekens van die laaste dae nie nou reeds nie? Orals praat mense van die postmodernisme en ons lees oral daarvan, maar wat is dit? Die postmodernisme is nie 'n organisasie of vereniging nie. Dit is 'n denkstroom wat onder die mensdom leef. En baie mense in hierdie denkstroom kan en wil nie meer die waarheid van God glo nie. Die Bybel wat vir ons nog die waarheid is, het vir hulle net nog 'n godsdienstige boek geword. Jesus Christus wat vir ons die enigste en volmaakte Verlosser is, het vir hulle maar net nog 'n verlosser tussen baie verlossers geword. Hulle het die waarheid nie lief nie en aanvaar dit nie tot hulle redding nie. Die mens het die grense tussen reg en verkeerd begin uitvee. Bitter word soet genoem en soet bitter.

Geliefdes, dit is waar die leuens en valse getuienis vandaan kom en dit is waarheen dit gaan lei. En tussen hierdie begin en einde lê al die verwoestende werk van die leuentaai van die mens. Die mens se tong het in die mag van Satan gekom. Daarom skroom ons nie om in ons Kategismus te bely dat **leuens en valse getuienis die eie werk van die duiwel is** nie. Hy is die aanstigter van die leuen en die mens in sy kamma slimigheid volg die duiwel soos 'n donkie op die voet agterna.

Miskien gaan dit nou onnodig wees om vanuit die Skrif en Kategismus te kyk hoe hierdie eie werk van die duiwel in ons leuens lyk. Ons ken mos almal die sondes van die tong. Dit is waar. Ons ken almal die sondes van die tong, maar gerieflikheidshalwe vergeet ons ook so maklik daarvan. Daarom is dit nodig dat die Heilige Gees weer die negende gebod se betekenis aan ons duidelik maak. Ons bely dat die negende gebod die volgende beteken: **Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadstoker of 'n lasteraar wees nie, niemand onverhoed of ligtelik help veroordeel nie.**

Wanneer Jakobus oor hierdie sondes van die tong skryf, lyk dit of hy nie genoeg woorde het om die erns van die saak aan te toon nie. Volgens hom is die sondes van die tong soos vuurvonke wat oral brand stig en verwoesting en ellende saai van die geboorte tot die graf. **En self word die tong uit die hel uit aan die brand gestee.** Kom ons kyk nou waarin die sondes van die tong oral tot openbaring kom.

Oor valse getuienis hoef ons nie baie te sê nie. Met valse getuienis word alle vorms van leuens en valse getuienis bedoel: die wat binne én buite die hof vertel word. Elke opsetlike leuen wat ons vertel om ons eie bas te red, elke valse getuienis wat ons gee om onself uit die skande te hou in die oë van mense, is die eie werk van die duiwel. Want hierdie leuens het geensins die liefde in die oog nie omdat ons naaste maar skade kan ly deur ons leuens solank ons net self uit die skande bly.

Verder bely ons dat ons niemand se woorde mag verdraai nie. In die eerste plek mag ons nie God se woorde verdraai nie. Die mens wat dit doen, verkondig 'n valse leer wat hy van Satan, die vader van die leuen, gekry het. Maar dit is nie net die leer van God wat vervals word nie. Die mens vervals sy lewe deur sondes goed te praat en soms nogal met 'n verwysing na 'n teks in die Bybel. Owerspel word afgemaak as nie so 'n ergerlike sonde nie. Dawid, die man na God se hart, het dan ook owerspel gepleeg. Besopenheid is nie so erg nie, want Josef en sy broers het ook gedrink en vrolik geraak. Dit alles is verdraaiing van God se woorde

Maar ook die woorde van mense word verdraai. Wanneer mense teenoor mekaar te staan kom as gevolg van hulle verskille en geskille, verdraai hulle graag mekaar se woorde. Dit gebeur net sodat die een se saak beter as sy opponent s'n lyk, of hy nou sy teenstander se woorde reg verstaan het of nie. Ook in die sakewêreld en selfs in die kerk word mense se woorde verdraai – weereens om ons naaste in 'n slegte lig te stel sodat dit lyk of sy ongehoorsaamheid groter is as myne. Geliefdes, ook dit is die eie werk van die duiwel.

Ons bely ook dat alle kwaadpraterij en laster deur die negende gebod verbied word. Kwaadpraterij en laster ken ons as skinderpraatjies. Met sulke praatjies – gewoonlik waar die betrokke persoon nie teenwoordig is nie – word lelike en slegte dinge gesê om ons naaste se naam te beswadder en te belaster. Die Here veroordeel hierdie soort praatjies baie skerp wanneer hy sê:

**'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek. Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit is 'n rustelose kwaad vol dodelike gif.** (Jakobus 3:5b, 6a, 8b AFR1983)

Duisende slagoffers het al bitter smarte verduur deur die dodelike gif van skinderpraatjies. Huisgesinne is verskriklike leed al aangedoen en mense se goeie name is beklad en verwoes vir die toekoms. Dit alles het gebeur deur net 'n klein en kort skinderstoriëttjie te vertel.

En geliefdes, die ergste van alles is dat kwaadpraterij en skinderpraatjies nie leuens hoef te wees nie. Dit kan die volle waarheid wees. Doëg het aan Saul die volle waarheid vertel toe hy gesê het dat Agimelek aan Dawid kos en ook Goliat se swaard gegee het. Maar hierdie waarheid het veroorsaak dat 85 priesters vermoor is. Hy het die waarheid gepraat met die verkeerde gesindheid. Liefde het nie sy woorde gekenmerk nie. As daar liefde in sy hart was, sou hy nie die waarheid tot skade van sy naaste gespreek het nie.

Daarom mag 'n gelowige nooit lelike en slegte dinge van sy naaste teenoor ander mense vertel nie. As die waarheid tot jou naaste se nadeel strek, verswyg dit eerder. Paulus sê: **Die liefde bedek alles.** En Petrus sê: **Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.**

En in die laaste plek: Ek mag niemand onverhoord of ligtelik help veroordeel nie. As daar slegte praatjies oor iemand die rondte doen, moenie sommer dadelik die praatjies glo en die persoon onverhoord en ligtelik veroordeel nie. Voordat jy wil veroordeel, maak eers seker van die feite en dit kan 'n mens alleen doen as jy self gaan praat met die persoon oor wie die slegte praatjies gaan. Maak ook seker van die motiewe van die mense wat die slegte praatjies versprei. Die een wat sy naaste onverhoord en ligtelik veroordeel op grond van vermoedens en gerugte, voldoen nie aan die eis om sy naaste lief te hê soos homself nie. Deur so 'n haastige en valse oordeel doen 'n mens die eie werke van die duiwel in plaas van die wil van die God van die waarheid.

Geliefdes, ons keer weer terug na Jakobus se preek. Luister weer wat doen, nie net die goddelose mense nie, maar ook die gelowiges: Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as beeld van God gemaak is. Uit dieselfde mond kom lof en vloek. Broer, susters en kinders, so mag dit nie wees nie. Daar kan mos nie brak en vars water uit dieselfde fontein kom nie. En die gelowige uit wie se mond vloek en lof kom, kan nie sy tong in toom hou nie. So 'n mens se godsdienst is waardeloos. Dit is hoe erg leuens en bedrog is, geliefdes. Dit maak van 'n gelowige mens 'n onbetroubare skepsel wat 'n onegte en waardelose godsdienst bedryf.

Ons het gehoor hoe die leuen hom in ons lewens openbaar, broers en susters en kinders. Ons het gehoor wat die eie werke van die duiwel is. Maar ons bely ook wat die eie werke van die God van die waarheid is. **Ek moet die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely. My naaste se eer en goeie naam moet ek na my vermoë verdedig en bevorder.**

Wanneer ons bely dat ons die waarheid moet liefhê, bely ons dat ons hartsgesindheid moet verander. En 'n mens kan die waarheid alleen liefhê as jy Christus waarlik liefhet. Christus is immers die Waarheid, so het Hy dit self aan sy dissipels gesê dieselfde aand voordat Hy gevange geneem is.

Nadat Christus dit gesê het, was dit asof die duiwel met alle moontlike leuens op Hom toegesak het. Judas Iskariot het homself voorgedoen wat hy nie is en voel nie. Met 'n soen het hy sy Meester verrai. 'n Soen word tog verstaan as 'n uitdrukking van omgee en liefde, maar Judas se kus was een van haat – glad nie opreg nie. En toe Christus veroordeel moes word, is elke moontlike leuen en valse getuienis opgedis om Hom as die skuldige uit te wys. Toe Hy die groot waarheid spreek en sê dat Hy die Christus is, die Seun van God, was die owerstes vals en beskuldig Hom van godslasterlike taal. Dit was nog nie die einde nie. Christus se eie dissipel, Petrus, het gelieg toe hy gesê het: **Ek ken die Man nie.**

Uiteindelik het Christus self aan die kruis uitgeroep: **Dit is volbring.** Sy taak om in die geweldige stroom van leuens met die waarheid alleen staande te bly en te oorwin – dit is volbring. In Christus het die waarheid geseëvier.

So het Christus ook vir ons wat so maklik verlei word om die negende gebod te oortree, die leuen en die vader van die leuen oorwin. Maar Hy het ook vir ons versoening gedoen vir ons leuens en valse getuienis. Omdat Hy ons verlos het, het Hy ook sy Gees in ons uitgestort. En hierdie Gees word deur Christus self die Gees van die waarheid genoem.

Die Heilige Gees het ons deur die ware geloof in Christus ingelyf en Hy maak ons daaglik meer en meer deel van Christus soos wat die lote deel is van die wingerdstok. Daarom kán ons die waarheid liefhê en opreg wees in wat ons sê en bely. Ons kán die waarheid praat en doen, want ons is dankbaar dat Christus in ons plek in die sleurstream van leuens kom staan het en dit oorwin het.

Nou kán en móét ons wanneer ons naaste beskinder en beswadder word, nie meer net swyg nie. Ter wille van die liefde van Christus gaan ons nou opstaan en ons naaste se eer en goeie naam verdedig en bevorder sover dit in ons vermoë is. Van die Satan en sy leuens gaan ons vlug. Maar omdat ons dit nie uit ons eie gaan regkry nie, bid ons tot God hierdie woorde: Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:1, 9, 11 (26:1, 9, 11)

- 1 My siel herdink met sidderbewe / hoe God, met majesteit beklee,  
deur wolke<sup>en</sup> donkerheid omsweve, / sy wet op Horeb het gegee:
- 9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.  
Jy mag geen vals getuig'nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.
- 11 Ons het, o Heer, u wet weerstrewe, / genade<sup>en</sup> is al waar ons op pleit;  
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**